Councillor Lewis,

I thought that you would be interested in reading this article, which appeared in the Vaderland on Saturday Evening.

[illegible]

# Behuisingskema kragdadig aangepak vir 50,000 Kleurlinge

MET die nuwe ontwikkelingskema vir die geproklameerde Kleurlinggebiede binne die munisipale grense van Johannesburg in sig, vind die woorde om „iets vir die Kleurling te doen" verwesenliking.

Die Kleurlinggemeenskap, bestaande uit Kleurlinge en Maleiers, verwelkom hierdie nuwe planne met ope arms.

Voorheen is die Kleurlinge oral ingedruk en versprei in die ou Westelike Bantoedorp vlak langs Triomf waar hulle net tydelike huisvesting geniet; Coronationville, waar Kleurlinge en Indiërs saam woon; Bosmont. die spoggerige Kleurlingvoorstad van Johannesburg wat deur die Departement van Gemeenskapsbou ontwikkel is; Riverlea net besuide Langlaagte waar honderde huise vir Kleurlinge reeds gebou is; en ook die enkeles in die Bantoegebiede en die wat in Jan Hofmeyer. Vrededorp. Jeppe en Doornfontein woon.



## 'HOUGHTON' VAN KLEURLINGE

*'N HUIS in Bosmont, die „Houghton" van die geproklameerde Kleurlinggebiede. Hierdie huis sal in een van die blanke woonbuurtes maklik 'n prys van tussen R15,000 en R16,000 behaal. Dit is die eiendom van mnr. Chota, 'n Maleier-handelsreisiger.*

### Grense

Die nuwe ontwikkelingskompleks vir Kleurlinge word begrens deur die ou Westelike Bantoedorp aan die mees noordelike kant, Newclare en Coronationville in die ooste, Bosmont in die weste en Riverlea in die suide.

Hierdie herontwikkelingskema van multi-miljoene rande, ofskoon reeds in al die gebiede aan die gang, is nou in die hoogste versnelling in veral die Westelike Bantoedorp en Riverlea. In Westelike Dorp is reeds 'n begin gemaak met die sloping van 129 huise en 36 enkelkamers in die plek waarvan ongeveer 346 nuwe huise en woonstelle sal verrys. Hierdie huise sal van die ekonomiese tipe wees vir mense met 'n hoër besoldiging as R50 per maand en sub-ekonomiese huise vir diegene wat minder as R50 per maand verdien.

Die voltooide huise in Riverlea in die ekonomiese klas oorskry reeds die getal van 623 en die huurgeld per maand beloop tussen R13.25 en R14, teenoor die bedrae van R5 en R10 van die 719 sub-ekonomiese huise aldaar. Ook is daar reeds lenings aangevra vir die bou van 146 woonstelle in dieselfde gebied.

### Nuwe skema

In Riverlea is daar ook 'n unieke huiseienaarskema aan die gang. Die deposito op so 'n eiendom is R200 en die res is afbetaalbaar oor 'n tydperk van 30 jaar teen R30 per maand. Die beraamde pryse van hierdie wonings is tussen R4,700 en R5,400. Van hierdie huise is reeds agt voltooi en 'n verdere 92 is in aanbou.

Indien hierdie huise byval vind by die Kleurlinge, sal die Stadsraad 'n verdere 200 bou.

Die huise het 'n netjiese voorkoms en stem ooreen met die houtraamhuise wat in Triomf vir blankes opgerig word. Hierdie huise is uniek in konstruksie en daar word gebruik gemaak van houtrame en gipsplate. Die houtrame is 4 duim dik met 'n halfduim dik gipsplaat aan elke kant. Die buitemure is baksteenmuur. Van 4½ dm. dik. 'n Verdere belangrike aspek is dat die huiseienaars, anders as die Bantoe, ook eienaar van die perseel word.

Bosmont waar die ontwikkeling reeds etlike jare deur die Departement van Gemeenskapbou onderneem word, is 'n deel wat in sekere opsigte ooreenstem met die bes ontwikkelde dele in blanke Johannesburg. Hier het die Kleurlinge en Maleiers die grond gekoop en volgens hul eie goedgekeurde planne huise opgerig. Hierdie huise sal in 'n blanke woonbuurt maklik pryse van tot en meer as R18,000 behaal.

In Bosmont in Swartbergstraat het ons aangeklop by drie woonhuise: die een van mnr. Pailman, 'n sakeman, 'n ander van mnr. E. G. Martin, 'n skoolhoof en 'n derde, die eiendom van mnr. Chota, 'n Maleier-handelsreisiger.

Ons was besonder beïndruk met die ontwerp van die huise en ook die presiese netheid binneshuis.

In Bosmont, hoewel binne die munisipale grense, is die stadsraad slegs behulpsaam met die verskaffing van dienste soos water, elektrisiteit, riolering, die versiering van die gebied deur die aanplant van bome, die oprigting van speelparke, die aanleg van strate, mediese geriewe asook 'n biblioteekdiens.

Regoor die Coronationville-hospitaal en aangrensend aan die Westbury-spoorwegstasie sal 'n sakesentrum opgerig word. Hierdie sentrum waar ook 900 woonstelle opgerig sal word, sal dan die nukleus vorm van die Kleurlinggebiede en word omring deur Coronationville, Wes-Bosmont, asook die verdere uitbreidings van Riverlea waar 600 huise opgerig word.

### Ontspanning

As gevolg van die verbod op gemengde gehore het dit ook noodsaaklik geword om aandag te skenk aan die vermaak vir die Kleurlinge. In Coronationville is daar 'n pragtige siersteen-stadsaal wat sitplek bied aan meer as duisend mense.

Die simfonie-orkes van die S.A.U.K. het al uitvoerings daar gelewer. Daar is verder gereeld elke aand iets aan die gang in die vorm van konserte, rolprentvertonings en huweliksonthale.

Coronationville is die oudste gevestigde Kleurlingdorp aan die Rand en daar is 'n groot Kleurling-hospitaal wat net so modern soos enige blanke hospitaal is.

Coronationville is 'n sub-ekonomiese dorp en die huurgelde vir wonings wissel tussen R4 en R14 per maand, bepaal volgens formules uitgewerk deur die Nasionale behuisingskommissie.

Daar is so baie kerklike organisasies in hierdie gebiede dat dit 'n onbegonne taak is om aan elke kerklike groep persele toe te ken vir die bou van 'n aanbiddingshuis. Tans word net voorsiening gemaak vir die vernaamste kerkgenootskappe.

**Nuwe ontwikkeling met ope arms verwelkom.**

Ook vir die skoliere word beter skoolgeriewe beplan. Daar is tans so 'n tekort aan skole dat die dag in twee sessies ingedeel word. Sominige kinders ontvang hul onderrig in die oggend terwyl die ander in die middag skoolgaan.

### Rugby

Sport speel ook 'n belangrike rol in die lewe van die Kleurling en anders as by die Bantoe is rugby hul groot sportbelangstelling. Ses senior rugbyspanne en vier juniorspanne kan gereeld elke Saterdag op die rugbyvelde van Westelike Dorp gesien word. Sokker, korfbal, tennis, swem en feitlik al die ander sportsoorte word deur die Kleurlinge beoefen.

Op 1 September open die nuwe swembad by Coronationville en die hoop is dat dit die drukte by die swembad in Newclare sal verlig. 'n Verdere swembad word vir Riverlea beplan.

Sport vir die jongmense ... maar ook die oues van dae word nie vergeet nie. Afgesien van die klubs vir tienderjariges is daar ook 'n klub vir oues van dae.

In die gemeenskapsentrum in Westelike Dorp (die ou Mai Mai-biersaal) is daar vir die oues van dae nou 'n lekker

## Staat en Stadsraad werk saam

warm koppie sop of koffie, 'n toebroodjie, musiek oor die radio en geleentheid om gesellig saam te verkeer. In die aande word hierdie rustigheid verbreek want dan word daar deur die Klub vir Tienderjariges tot laat toe gedans. Die instrumente waarmee die orkes speel, is teen R800 aangekoop en die skuld word betaal deur elkeen wat daarheen kom so 'n ietsie te laat betaal.



## RUSTIGE OUDAG

*Jordan House, die outehuis op Westelike Dorp waar etlike Kleurlinge die laaste dae van hulle lewe gelukkig deurbring. Hier word alles moontlik gedoen om die ou mense 'n goeie oudag te gee.*

Daar is ook 'n kleuterskool en 'n ouetehuis. Die kleuterskool is 'n private onderneming terwyl die ouetehuis regstreeks onder die Randse Hulpvereniging resorteer.

Die bevolking van hierdie gebiede is ongeveer 18,000 in die Westelike Dorp, 3,800 in Coronationville, 3,480 in Bosmont en 7,500 in Riverlea en almal sit in afwagting dat hierdie ontwikkelingskema gou moet geskied.

### Stadskema

Die Kleurlinge van die kompleks Jan Hofmeyer, Vrededorp en van Jeppe en Doornfontein word ingesluit by die stedelike hernuwingskema van Johannesburg en sal mettertyd in geproklameerde Kleurlinggebiede gehuisves word. In die Jan Hofmeyer- en Vrededorpkompleks is reeds verwikkelings aan die gang en word dit stadig omgeskep in 'n suiwer blanke woonbuurt. Daar word reeds talle woonstelle opgerig vir blankes. Fordsburg sal hoofsaaklik in 'n Sakebuurt ontwikkel word en ook die Indiërmark sal daar gehuisves word.

Die Indiërmark sal op 'n Oosterse lees geskoei word en nie net as afsetgebied vir Indiërprodukte dien nie maar terselfdertyd as 'n toeriste-aantreklikheid.

Die verwagting is dat dit moontlik gewilder sal wees as die bestaande Indiërmark in Durban.

### Indiërs

Die gedagte hier is dat buitelandse dorpsbeplanners wat heelwat ondervinding in die Ooste opgedoen het, se hulp ingeroep sal word met die beplanning. Hierdie mark sal opgerig word in die onmiddellike nabyheid van Fordsburgse poliesiestasie en die Indiër-onderwysopleidingskollege.

Die Indiërs in die geproklameerde Kleurlingwoongebiede is reeds onteien en sal slegs daar bly totdat die nuwe ontwikkeling hul raak, waarna hulle na Lenasia die nuwe Indiërdorp buite Johannesburg, sal verskuif. Hoewel daar talle gerugte was dat Lenasia ook onderhewig is aan dolomietinsinkings is daar na deskundige ondersoek beslis dat dit nie in 'n dolomietgebied geleë is nie. Die Departement van Behuising het ook reeds besluit om teen 'n versnelde tempo voort te gaan met die oprigting van wonings vir Indiërs.

# 'n Nuwe dag breek aan vir Kleurlinge van Goudstad

'n Nuwe dag is stadig maar seker besig om aan te breek vir die 50,000 Kleurlinge

Die spogvoorstad Bosmont word deur die Departement van Gemeenskapsbou ontwikkel, en in Newclare en Westelike Dorp is die by-afdeling vir Kleurlinge en Asiate van die Johannesburgse munsipaliteit, in samewerking met die staatsdepartement, hard besig met die herontwikkeling daarvan. 'n Fotobeeld van hierdie ontwikkeling en etlike grepies uit die lewe van Johannesburg se Kleurlinggemeenskap verskyn op hierdie bladsy. (Volledige berig op bladsy 9 van die nuusseksie.)



DIE trampolien by die ontspanningsentrum in Westelike Dorp is besonder gewild. Die instrukteur, mnr. J. Selo, sê daar kom elke dag nagenoeg 75 kinders om hul vaardigheid op die springmat te toets.

FOTO REGS: Westelike Dorp links, Coronationville in die agtergrond en Newclare regs is dele van die geproklameerde Kleurlingwoongebiede wat eersdaags 'n wesenlike verandering sal ondergaan. Die Coronationville-hospitaal is feitlik die enigste gebou in die foto wat nie gesloop gaan word nie






FOTO REGS: Hierdie klein en onhigiëniese huisies in Westelike Dorp sal eersdaags verdwyn om vir moderne huise plek te maak. Net soos Westelike Dorp sal ook 'n groot gedeelte van Coronationville en Newclare gesloop word.



VAN die 129 woonhuisies en 36 enkelkamers in Westelike Dorp word gesloop om plek te maak vir 346 moderne woonhuise wat daar vir die Kleurlinggemeenskap opgerig word.



FOTO BO: Twee bejaarde Kleurlingvroue in die ouetehuis op Westelike Dorp. Hulle is mev. Waldeck (77), wat reeds sewe jaar daar inwoon, en mev. Claris Schaarnick (83), wat reeds agt jaar lank 'n inwoner by die ouetehuis is. „Die mense sorg baie mooi vir ons oues van dae," sê hulle.



FOTO LINKS: Op sportgebied word genoeg voorsiening vir die Kleurlinge gemaak. Hulle beskik oor goed toegeruste rugby-en sokkervelde, swembaddens, tennisbane, 'n rolbalbaan, korfbalbane en, anders as die Bantoe wat sokker verkies, is hul groot sport ook rugby.

FOTO ONDER: 'n Vooraansig van die moderne Coronationville-hospitaal vir Kleurlinge. Dit is tans die enigste Kleurlinghospitaal in Johannesburg en dit vergelyk goed met enige van die hospitale vir blankes in die stad.





FOTO REGS: Ook op kunsgebied is die Kleurling vandag ver gevorder. Hier is mev. N. McDonald (regs) en mej. Gillian Rowe, haar assisstente besig om die kinders onderrig in die balletkuns te gee. Die kinders is volgens mev. McDonald baie ywerig en die eerste klas gaan volgende week sy eerste eksamen aflê.

**Collection Number: A1132**

**Collection Name: Patrick LEWIS Papers, 1949-1987**

***PUBLISHER:***

*Publisher:* **Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa**
*Location:* **Johannesburg**
**©2016**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

This collection forms part of a collection, held at the Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.